
# Ramshoring

*Waar julle ook al die Ramshoring hoor blaas daar moet julle saamtrek. Nehemia 4v20*

Februarie 2018
Jaargang 34 Nr 1

## Hoe lief het God ons?



***Ek die Here jou God is 'n God wat onverdeelde lojaliteit eis. Deut 5 v 9***

## Inhoudsopgawe

1. Brief van die Redaksie

**God se liefde vir my**

2. Hoe lief het God ons?- Daleen Venter

**Hoe kan ek liefde leef?**

3. Koningskinders- Jaco Venter
4. Hoe kan ek liefde uitleef in die gemeente- Susters Bestuur
5. Die Here gee lewe - Ds. Boy
6. Met watter gesindheid kom ons Kerk toe-Gideon van der Merwe
7. Binneste buite - Ds. Laufs

**Gemeente en Kerk nuus**

8. Nuus uit die gemeente- Kitty van der Walt
9. In Herinnering – Carien Esterhuizen
10. Spoghoekie- Marlize Coetzee
    - Ds. Dirk Laufs
11. Diakonie- Cornelis van Wyk

12. Verslag oor vierde algemene sinode-Gerard  Schuring

**Chill tyd**

13. Maak jou Potlood skerp- Jaco Venter

14. Reseptehoekie –Erika Erasmus

15. Lekkergoed Bederfie- Erika Erasmus

**Ditjies en datjies**

16. Psalmboek toepassing- Ds. Ronald Bain

17. Adverteer- Red

Die inhoud van die artikels in hierdie blaadjie, is die standpunt van die skrywer en nie noodwendig die standpunt van die Gereformeerde Kerk Thabazimbi nie.

**Kry die gratis weergawe van die Ramshoring**

**Webblad www.gktbz.co.za**



## Redaksioneel

Ons begin 2018 met liefde. Wanneer ons liefde hoor dan neem ons klaar aan dat ons weet wat dit is. Ek hoop egter dat elke een wat hierdie uitgawe lees met nuwe oë na liefde sal kyk. Nie net die liefde wat ons vir mekaar het nie maar veral die Liefde wat God vir ons het.

Ek hoop dat elke een ietsie sal raak lees wat hy of sy sal kan doen om liefde vir ander uit te leef en in die proses die vreugde van self liefde sal ervaar. Nie 'n selfsugtige self liefde nie maar 'n waarderende liefde vir hoe God jou gemaak het.

Ek hoop dat elke een 'n ietsie van die groei sal beleef wat ek beleef het tydens die maak van hierdie Ramshoring.

In hierdie uitgawe kyk ons na die Koningskinders projek wat die jaar afskop en ons kry vars idees vir hoe ons betrokke kan raak en liefde kan gee.

Die Ramshoring trek ook 'n nuwe baadjie aan met spesifieke afdelings oor die liefde. In die eerste afdeling kyk ons hoe lief God ons het en in die tweede afdeling sien ons hoe ons liefde kan wys. Baie dankie vir elke een se bydrae.

Mag jou jaar met die vrymakende liefde van God gevul wees.

**Die Redaksie**

Daleen Venter

God se liefde vir my






# Hoe lief het God ons?


Wanneer ons hierdie vraag hoor gaan ons gedagtes outomaties na die kruisiging. Ons almal kan identifiseer met hoe groot Sy liefde vir ons moet wees om Sy seun te verlaat, te laat sterf vir al ons sondes. Maar kom ons dink ‘n bietjie verder. Die Jode wat God se volk is, sy kinders was wat Hy uit slawerny uit gelei het, jaloers versorg het, in die fynste detail wette en voorskrifte voor gegee het, by wie Hy kom bly het in ‘n mens gemaakte huis wat hul saam hul gedra het…die Volk wat Hy nooit verlaat het nie..wat Hy bedags met ‘n wolk en snags met ‘n vuurkolom die pad aangewys het. Die Volk vir wie Hy die see oopgekloof het, vir wie Hy ‘n magtige Egiptiese volk teen die grond plat gevee het, vir wie Hy geduldig geleer het wie HY is. Die Volk wat Hy  trots die beloofde land in gelei het.

***Hierdie Volk het hom verlaat.***

Hierdie volk het voor hulself gebuig. Hierdie volk het wette aanbid. Hierdie volk het die tempel en die stad en hul geloof aanbid. Hulle het hulle vrese verdoof met oordeel, hulle het streng beheer oor hulself en ander uitgeoefen deur wette soos ‘n slaaf te volg. Hulle neergebuig voor mensgemaakte gode. Nie van hout en klip of ‘n maan en ‘n son nie. Nee, hulle het geleef om fout te vind by ander sodat hulle beter kon voel. Hulle het hulself aanbid.

Hierdie volk was so selfgesentreerd dat hulle hul eie foute mis gekyk het en die Here se huis ‘n besigheid gemaak het, geen hart vir die siekes, die weduwees, die swakkes gehad het nie. Hulle het sonder om twee keer te dink ‘n klip opgetel en ‘n gefolterde siel dood gegooi.

Hierdie selfde Volk wat God die Vader met soveel liefde versorg het, het gedink dit is hulle reg om ander te veroordeel, hulle het vreemdelinge sleg behandel, hulle het gedink hulle is iets besonders. Hulle is so klein bietjie beter as die ander wat saam hul werk en woon in die stad. Hulle het dit wat hulle kon kry uit die “ongelowiges” gevat maar sou nie hulle hande vuil maak om hulle te help nie. Hierdie einste volk wou nie ‘n Jesus,‘n redder hê nie. Hulle was so gefokus op hulself en hul eie tradisies en gewoontes dat hul nie die Ware God herken het toe Hy in lewende lywe voor hul gestaan het nie. God kon dit nie verdra dat ‘n gebou vir hulle belangriker as Hy geword het nie. HY kon dit nie verdra dat Sy kinders se trots en hoogmoed om ‘n Jood te wees vir hulle belangriker geword het as HY nie. Ons dink dikwels dat God dan vir hulle gesê het om nie met die heidene te meng nie, maar God het al so vroeg soos Exodus vir hulle gesê : “Moenie ‘n vreemdeling sleg behandel nie, want jy was ook eens ‘n vreemdeling in ‘n vreemde land.” Die Jode het gebuig voor die wette soveel so dat hulle nie eers hulle eie mense gespaar het nie.





**Ek die Here jou God is ‘n God wat onverdeelde lojaliteit eis. Deut 5 v 9**

God sê ons moet Hom en Hom alleen liefhê bo alles. Hy vra dat ons Hom lief sal hê met ons hele **hart,** hele **siel** en al ons **krag** en ons hele **verstand**. (Luk 10v27)

Hoe maklik dring ons aan op ons reg om kwaad te wees vir ‘n onregverdige korrupte regering? Ons reg om te vloek as ons wil? Ons reg om nie van ander te hou nie as gevolg van hul velkleur of hul taal? Ons sal kamma vriendelik groet maar in ons gedagtes hul vloek. God sê: **Hê my lief met jou gedagtes.**

Ons span dikwels ons kragte in vir dinge wat ons self dien. Ons oefen ons self oor ‘n mik omdat dit ons goed laat voel of ons gebruik ons laaste krag om ons tot voor die tv te sleep sodat ons net in ‘n boks van niks kan inbeweeg wat ons emosionele leegheid kan voed. Ons werk ure en ure sodat ons nie alleen met ons eie gedagtes moet wees nie. Ons sit ons kragte in sinnelose vermaak of tyd verdryf in wat God nie eers insluit nie. Ons het nie die krag om ons kinders te dissiplineer, ons het nie die krag om die verleidelike stuk koek, te weerstaan. Ons is te besig om ons eie behoefte te bevredig dat ons **God nie met al ons krag lief het nie.**

Ons verstand kry al sy inligting vanaf die sintuie. Alles wat ek hoor , proe, sien, ruik en aan vat stuur ‘n boodskap na my brein en my brein stuur die sein na my lyf wat dan daarop reageer. God sê dit wat in jou hart is kom uit by jou mond. (Mat 12v34) Het ons God lief wanneer ons na dinge luister of kyk wat Hom nie eer nie. Onskuldige vermaak dalk. Dit is net ‘n Fliek. ‘n Fliek wat in die eerste 10 minute al Sy gebooie oortree.

Het ons God lief met ons verstand  wanneer ons aan negatiewe beswaddering van ander deelneem? Niks ernstig nie…dit is mos maar net die waarheid wat ek praat. Het ons God lief met dit wat ons eet? Ek kan eet wat ek wil want God het vir Petrus gewys dat dit is nie wat in die mond ingaan nie maar wat uit kom wat my onrein maak. Maar buig jy dalk voor kos? As kos jou in die middel van die nag roep luister jy?As God jou vroeg oggend of laat aand vra om tyd saam Hom te spandeer, luister jy? Dit is algemeen bekend dat wanneer ons spanning beleef of verveeld is (Desember vakansie!!)  dan eet ons. Kom ons stel dit so: Ek het 'n emosionele ongemak, 'n behoefte na vervulling en haai raai wat? Ek gaan kos gebruik om my beter te laat voel!! Laat dit jou beter voel? Miskien vir 'n kort rukkie maar dan soek jy nog. Later begin jy sleg voel. Siek, vet ongemaklik maar jy "crave" nog!! Ons gee kos die skuld vir ons vet en ons siekte. Maar is ons nie die skuldige wat kos gebruik om ons emosionele ongemak te vul nie? Alles in ons lewe draai om kos. Ons gaan na sekere funksies want daar is kos. Diëte beheer ons lewe. Ons beplan ure  aan watse kos ons wanneer gaan eet. Ons raak paniekerig as die kos voorrade min raak. Ons glo kos kan ons gesond maak, kos kan ons maer maak, kos kan ons emosionele behoeftes vul. Waar God sê HY is ons geneesheer, Hy sal ons voed ons hoef nie te bekommer oor kos die hele tyd nie. Hy maak ons honger wanneer ons lywe kos nodig het. HY het selfs vir ons 'n ingeboude alarmpie gegee wat sê as ons vol is. Hoeveel van ons buig voor kos omdat ons nog wil hê al is ons vol?






Wanneer ons 'n emosionele ongemak het  of 'n "time out zone" soek moet ons dit nie by God gaan soek nie? Jesus sê in Matteus 4v4: "Nee! Daar staan In die Skrif geskryf: " 'n Mens het meer as brood nodig om van te lewe.Wat jy eintlik nodig het , is om te leef van elke woord uit God se mond.(Deut 8v3) In Johannes 4v14 lees ons dat :Wie egter van die water drink wat Ek hom gee, sal nimmer as te nooit weer dors word nie. Die water wat Ek vir hom sal gee, sal n fontein in hom word waarvan die water vir altyd sal bly borrel. Beteken dit ons moet ophou eet? Nee glad nie. Dit beteken dat ons nie ons emosionele honger moet vul met kos drank en ander plesiere nie.Ons buig voor kos asof kos ons God is. Ons soek verligting vir ons spanning in drank maar dit gee ons net kopseer en 'n dikbek vrou waar God 'n ewige vervulling beloof ! Ons soek energie en krag uit koeldrank en energie drankies waar God sê HY sal 'n **ewige fontein van krag in ons gee!**

Waarom vul ons ons verstand met sinlose spelletjies, sosiale media, politieke partytjies, groot borde kos (So asof ons nou moet eet want môre mag ons dalk net honger ly?),die eer van ons kinders se prestasie, die trots van ons ampte, ons karre wat ons ry, ons vermaak wat ons kies? Hoeveel van ons sus ons emosionele ongemak met medikasie?

Gaan ons terug na die Jode in Jesus se tyd sien ons dat God kon dit nie verduur dat hulle ander dinge bo Hom lief gehad het nie. Hy kom en HY vernietig alles wat hulle aanbid het. Die wette waaraan hulle so geklou het vee Hy met enkele sinne weg. HY kom breek hulle kosbare tempel af . Hy meng Hom met die wat hulle as hul mindere beskou. Hy bemoei Hom met die wat hulle verstoot. HY kom gooi letterlik die tafels van hulle harte onderste bo.  Hy dwing hulle om hul oë van dit wat hulle aanbid af te haal en weer na Hom te kyk.



**Hoe lief het God ons?**

Hy het ons so lief dat Hy selfs die Kerk tot op die grond sal afbreek sodat ons net weer na Hom sal kyk. Joël 2 v 13 Sê : "**Moenie julle klere skeur omdat julle hartseer is nie. Skeur julle harte. Draai terug na God toe want HY is genadig en vol meegevoel."**

Ons wil so graag hê die mense moet aan ons uiterlike sien dat ons verslae is oor die toestand van ons land en die toestand van ons skole en die toestand van ons Kerk. Hulle moet hoor hoe skeur ons ons klere, hulle moet sien hoe hartseer is ons oor die onreg wat ons God aan gedoen word!

Maar skeur ons ons harte? Gaan ons in ons binneste in en skeur dit oop voor God? Het ons die moed om stukkend voor God te staan en te sê : Here ek, nikswerd kind van U, het ander goed bo U lief.



Here, ek vul my verstand met dinge wat U nie lief het nie. My God my God ek buig voor kos, vermaak, en oordeel van ander. Ek, Here, vul my leegheid met aardse gode.**Vergewe my Here dat ek U nie dien met al my kragte, my hele hart en verstand nie.**

Die ironie is dat al hierdie dinge waarmee ons onsself vul voed ons nooit en lei tot siekte en swaarkry. Waar God sê as ons ingeprop is by Hom sal HY die volgende vir ons doen:

**Deut 28**

**Seën vir gehoorsaamheid**

"As jy ten volle gehoorsaam is aan die Here jou God en die opdragte nakom wat ek jou vandag gee, sal die Here jou God jou bo al die nasies van die wêreld **verhoog.** Al hierdie **seëninge** sal oor jou kom en by jou bly wanneer jy die Here jou God gehoorsaam.

In jou stede en in jou oop velde sal jy **geseënd** wees. Jy sal **geseën** word met baie kinders en goeie oeste. Jy sal **geseën** word met mandjies wat oorloop van vrugte en jou knieskottel sal vol brood wees. Jy sal **geseën** word waar jy ook al beweeg of jy nou kom of gaan. Die Here sal jou vyande oorwin wanneer hulle jou oorval. Hulle sal jou vanuit een rigting aanval maar hulle sal in sewe rigtings wegvlug. "

Gaan lees die res van hierdie belofte en dan ook die vervloeking vir ongehoorsaamheid wat daarop volg.

Wanneer ons dit lees is dit soms of daar 'n wrang smaak in mens se mond kom en mens vasgevang voel in 'n Narsistiese God se hande. Maar daar is iets wat ons miskyk. God doen dit nie omdat dit Hom beter laat voel nie. Hy doen dit nie omdat Hy ons gehoorsaamheid nodig het om sy selfsugtige begeertes te voed nie. God doen dit want

**HY weet** as ons by Hom ingeprop is soos 'n muurprop by die kragbron sal ons **krag** hê . Sal daar **lig** op ons pad wees. Sal ons altyd **gevul** wees met **Sy Krag** wat meer wondere as elektrisiteit kan verrig. Wanneer ons by God in geprop is sal ons **gesond** wees. Hy is ons bron van **krag, gesondheid, voorspoed , versorging. Hy vul ons emosionele honge**r. Hy voed ons . Ons Kerk is dus nie teen die grond omdat God dit wil vernietig nie. Ons Kerk is teen die grond omdat ons, ons klere skeur en nie ons **harte** nie.



God het ons so lief dat hy die Kerk tot op die

grond sal afbreek

sodat ons net weer na Hom sal kyk



# Hoe kan ek liefde leef?



**Koningskinders Kamp**

Die Kerkraad het die Koningskinders kamp as 'n uitreikingsprojek vir 2018 goed gekeur. ONS GAAN DIE OKTOBER VAKANSIE KAMP!!

Die Koningskinders kampe word al vir jare deur die Gereformeerde kerke oor die land gereël. Hierdie kampe word gereël vir kinders vanaf 10 tot 13 jaar wat Kerklos of Kerkloos is. Hierdie kampe se doel is om kinders wat dalk nog nooit op vakansie was nie te bederf. Tydens die kamp is die een groot reël dat hulle dit moet geniet. Die kinders kry 3 keer n dag kos en daar word baie gespeel. In hierdie vakansie atmosfeer skep ons op baie geleentheid om die Woord te verkondig. Ons leer die kinders die Evangelie en onvoorwaardelike liefde. Hierdie is 'n wonderlike geleentheid waar die hele gemeente betrokke kan wees. God het ons elke een met unieke gawes toegerus en ons vra dat U vir God sal vra waar Hy u in hierdie kamp wil gebruik. Hier is baie werk wat vooraf gebeur en ons gaan elke een se hulp nodig hê om hierdie 'n suksesvolle uitreik te maak. Die doel is dan ook om nie net 'n kamp te hou en van hierdie kinders te vergeet nie maar om na die kamp steeds kontak te behou met kinders en nog aktiwiteite te reël na die tyd.

**Die Kamp in 'n neute dop behels die volgende:**

Vyf kinders word aan een volwasse groepleier toevertrou. Hierdie groepleier doen alles saam met die kinders. Die Kamp skop af met 'n lekker kop was sessie waar van die Dominee tot die kos tannies se hare met luis sjampoe gewas word. Elke dag  begin met Ontbyt en dan 'n aktiwiteit, middagete, Bybelstudie en dan 'n middag aktiwiteit, aandete en dan weer Bybelstudie en dan 'n lekker aktiwiteit en slaaptyd. Op die kamp is daar net een Kwaai oom en dit is die Kamp kommadant wat orde hou. Die res mag nie kwaai wees nie. Daar word baie liefde gegee. Daar is 'n Noodhulp tannie wat pleistertjies uitdeel en medikasie veilig hou. Daar is ook 'n Berader op die kamp wat met sensitiewe sake werk. Die groepleiers word ten volle opgelei om met hierdie kinders te werk. Daar is Oupas en Oumas wat kom kuier. Hulle sit net daar



rond en deel drukkies uit soos nodig. Hierdie kampe is wonderlike geleentheid vir ons gemeente om uit te reik en saam te werk.

Hoe kan jy betrokke raak?

Ons benodig die volgende persone:

***Kamp Ouma 's en Oupa's***

Ons benodig Oupas en Oumas wat net die dag kom besoek om drukkies uit te deel.

**Noodhulp Tannie of Oom**

Noodhulp Tannie (iemand wat kan pleistertjies plak en soentjies en salfies ens gee). Kinders wat op medikasie is se medikasie word ook by die persoon ingegee en hul kry elke dag hul medisyne by die Noodhulp tannie. Mediese kwalifikasies sal nuttig wees maar nie verpligtend).

**Kos Tannies en Ooms**

Indien jy nie elke dag kan kom nie is dit ook reg. Ons deel dan die kos mense in volgens 'n rooster. Daar word ontbyt, middagete en aandete bedien.

**Groepleiers**

'n Groepleier is verantwoordelik vir 'n klein groepie van 5 kinders. Die groepleiers, slaap saam die kinders in dieselfde vertrek, eet saam hul en doen alles saam hul. Opleiding word verskaf.

**Speletjie Koördineerder**

Tussen etes moet ons die kinders besig hou. Ons kampplek moet verkieslik 'n swembad hê waar "fee time" spandeer word waar die kinders kan speel sonder 'n program. Ander tye wil ons graag die kinders op leersame pret maniere vermaak. Skattejag bv wat op Bybelse temas gebaseer is. Huisies bou

in die modder wat bv. Bybelse tema het.  Sport aktiwiteite waar hulle almal kan deelneem.


**Spesiale Talente**

Indien jy ‘n vaardigheid het wat jy dink ons kan gebruik kom vertel ons!! Miskien kan jy vir ons kitaar speel  wanneer ons sing of jy het ‘n musiek instrument wat vervoer kan word om die kinders  te vermaak. Dalk is daar van die ouer mans wat vir die kinders kan kom leer om ietsie te maak soos ‘n draad puzell ens. Dalk is jy ‘n goeie storie verteller en kan jy vir die kinders op een dag of meer ‘n lekker storie kom vertel! Miskien kan jy mooi foto’s neem ! Dalk kan jy hare vleg . Hierdie kinders sal enige aandag so waardeer. Ons missie is om net liefde en geen veroordeling te gee. Verseker is daar dissipline en daar is altyd een kwaai oom wat sorg dat alles reg loop maar net hy mag kwaai wees!

Ons benodig ook mense wat indien kinders aandui dat hul graag Kerk toe wil kom ‘n kind sal “aanneem “ vir Sondae om hulle op te tel voor kerk en weer af te laai na kerk.


Behoefte lys vir Koningskinders

In die saal sal daar houers wees wat gemerk is vir elk van die volgende:






Ons sal houers in die saal neersit vir eetgerei  behoeftes:






Bybel: Indien moontlik sal ons graag 1983 vertaling Bybels wil gee sodat die kinders almal saam kan lees en dit nie verwarring veroorsaak nie.

**Bad sakkies, Kos sakkies en Bybel sakkies**

Ons sal ‘n voorbeeld van elke soort sakkie  in die saal neersit:

Ons benodig materiaal. Dit kan afval lappies van enige soort lap wees. Ons maak ‘n gewone vierkantige sakkie met ‘n rol soompie en ’n toutjie in. Al die

kinders kry dan dieselfde soort sakkie vir hul eetgerei, badkamer goed  en Bybel.

Ons benodig mense wat vir ons die sakkies kan maak.

Ons benodig dan ook hande wat naby aan die tyd sal help om die sakkies te pak.

**Ander behoeftes**

Ons het reeds 'n dokter wat aangebied het om vir noodgevalle en algemene klein goedjies wat die kinders se mediese behoeftes is sal kan help. Indien ons 'n tandarts en oogspesialis kan kry wat ons kan help sal dit die kamp nog meer spesiaal maak. So, indien jy kans sien om so 'n diens aan te bied, (nou nie 'n perde dokter nie nê?) of 'n professionele persoon kan nader om ons hiermee by te staan sal dit verseker 'n kind 'n vol glimlag en helder ogies besorg. Soms bied 'n tandarts aan om een kind te help of ons kry donasies spesifiek vir 'n arts. Tydens die kamp identifiseer ons dan 'n kind wat ons dink dit die nodigste het.

Ons samel klere in maar indien ons geld skenkings kan kry vir klere sal dit ook help. Onderklere koop ons nuut.

**Ons klere behoeftes is dus dan die volgende:**

**Seuns en Meisies**

(Dikwels kom hierdie kinders met net die klere aan hul lyf by die kamp aan of met 'n paar karige klere. Bitter min het skoene.)

Ons soek dus klere en skoene vir seuns en dogters vanaf 10 tot 13.






**Teddie bere**



Ons gee naby aan huis toe gaan tyd as die kinders baie huis toe verlang vir elke kind 'n Teddie beer. So indien jy nog 'n mooi Teddie het wat 'n kinderhartjie bly kan maak sal ons dankbaar wees. Indien jy handig is en 'n Teddie beer kan brei of maak is dit ook welkom. Die groepleiers doen en kry alles wat die kinders kry sodat die kinders nie verneder of skaam voel. (Selfde borde  en Teddie- en toiletsakkie)

**Noodhulpkas**

Ons benodig 'n volle toegeruste Noodhulpkas.


**Bus**

Ons benodig 'n Bus om die kinders na en van die kamp af te vervoer

**Kampplek**

Ons benodig 'n kampplek wat plus minus 60 mense. (Tarentaalpan is reeds bespreek vir 'n ander funksie en is dus nie beskikbaar nie).

**Nader aan die tyd benodig ons die volgende:**




Hou in gedagte dat ons massa kos gaan maak so wat jy ook al aan kan dink of het of graag wil skenk sal ons iewers handig kan gebruik. Maak nie saak hoe groot of klein jou bydrae. (Indien ons bv.net 'n paar koekies en beskuit kry kan ons dit gebruik vir die groepleiers se vroegoggend of laat aand vergadering ens)

Indien jy ietsie het wat jy graag wil skenk en onseker is vra gerus ons mag dit dalk net iewers kan gebruik.

Nader aan die tyd sal spesifieke lyste ook uitgestuur word wat by ons spyskaart en behoeftes sal pas as die kampplek vas gemaak is.




# Hoe kan ek my liefde uitleef in die gemeente?

***Die susters bestuur het die volgende riglyne saamgestel***

***Help ander gelowiges wat swaarkry, en gee so uitvoering aan Christus se liefdeswet. Galasiërs 6v2***

**Bak 'n koek wanneer jy hoor iemand is siek of gaan deur 'n moeilike tyd en gaan drink koffie!**

**Stig 'n WhatsApp groep onder die wyksusters en kommunikeer hier inligting en bemoedig mekaar.**



**Doen moeite om mekaar se verjaarsdae te onthou en saam te vier.**

**Verhouding word gebou wanneer ons saam Tyd spandeer. Wees kreatief en doen dinge saam!**

**Psalm 36: 1 – 13 (OAV)**

**Fokus gedeelte: Psalm 36: 1 – 10**

**Tema: Die Here gee lewe! Lewe in die lig!**

Wat maak dat ons God wil dien? Wat is so anders aan God dat mense hulle goddelose lewensstyl wil prysgee en God onvoorwaardelik wil dien?

In Psalm 36 lees ons van die goddeloses. Hulle het geen vrees vir God nie. Inteendeel God speel geen rol in hulle lewens nie. Dit is vir die goddelose niks om onreg en bedrog te pleeg nie. Dit is onbelangrik vir hom om goed te doen. Inteendeel hy lê op sy bed en bedink onreg, die weg wat hy volg is nie goed nie, en dit pla hom nie dat hy slegte dinge bedink nie. In skrille kontras beskryf Dawid die Here aan ons. Verse 6 – 10 is 'n lofsang oor wie God is en wat Hy doen en beteken. Die goedheid van God word aan ons soos volg beskryf: "... u goedertierenheid is tot in die **hemele**...." en "... u geregtigheid is soos die **berge**..." Die goedertierenheid van die Here is kosbaar, soveel so dat sy kinders onder sy vleuels skuiling vind. Dit is daar waar hulle versorg word met die vettigheid van die huis van God en die strome van sy genietinge.

Hoe goed is die Here nie vir jou en vir my nie? Met ons Here Jesus Christus wat vir ons sondes gesterf het, en die Heilige Gees wat in ons werksaam is, kan ons weet dat by die Here is die fontein van die lewe. In Christus sien ons die lig en word daar deur Sy Woord die pad vir ons belig.Om dan te lewe in die Lig vra van ons elkeen opoffering. Dit vra om te breek met die verkeerde dinge, om te besef hoe op watter dwaalspoor die goddeloses is. Vir hulle sal die oordeel wees **soos** 'n groot watervloed. Ek en jy is getuies van die goedheid van God ons ervaar dit elke dag van ons lewens by ons huise, in ons skole, en by ons werke. Laat die Lig van God skyn in hierdie lewe skyn want God is Lig, en Hy sorg vir ons elke dag.

Neville Boy



## <u>Met Water gesindheid kom ons kerk toe en met watter gesindheid dien ons die Here in Sy diens?</u>

*"Ek weet dat julle koud is en ook nie warm nie. As julle tog maar koud of warm was!Maar nou omdat julle lou is en nie warm en nie koud nie gaan ek julle uit my mond uitspoeg."* **Openbaring 3v15**

Op grond van bg. vers moet ons kyk met watter gesindheid ons die huis van die Here benader. Gaan ek op 'n Sondagoggend na die erediens omdat dit 'n goeie gewoonte is en omdat ek dit vir jare al in stand hou? Of omdat ek so opgevoed is? Gaan ek kerk toe omdat dit die regte ding is om op 'n Sondag te doen? Gaan ek kerk toe omdat die predikant , die ouderling en my wederhelf dit van my vereis? En ek nie meer lus is om aangespreek te word nie? Gaan ek Kerk toe om my buurman te beindruk? **(Is ek warm of is ek lou)**

Behoort dit nie eerder vir my 'n wonderlike geleentheid te wees waar ek die Here gaan ontmoet nie?

Ek weet vir 'n feit dat die Here daar sal wees want waar twee of meer in Sy naam vergader is HY teenwoordig. Behoort die Heilige Gees my nie elke Sondag daar heen te dryf met 'n gees van opgewondenheid nie? In die ere-diens word ek geseën twee maal en as ek nie daar is nie gaan dit verlore. In die erediens kan ek Hom loof en Prys deur my sang en die gesamentlike gebed. Tydens die erediens breek die leraar vir my die Woord oop sodat ek kan verstaan wat Sy boodskap vir my is.

Wat maak ek met die boodskap? Hoeveel preke wil ek nou nog hoor in my lewe voordat ek dit gaan uitleef of liasseer ek dit maar net elke **Sondag (Is ek warm of lou?)**

**Wat doen ek verder by die erediens?**

Is ek net vir myself daar of vir my medegelowiges? Stel ek in liefde belang? Ken ek my medelidmate? Maak ek bemoeienis op 'n diepere vlak? Klim ek so gou as moontlik in my kar en verdwyn?

Hoekom is ons dan 'n gemeenskap van gelowiges? Hoekom trek die Here ons dan saam as ons so min vir mekaar voel? Deel ons mekaar se laste en sorge en vreugdes of is ek net daar vir my eie selfsugtige behoeftes? **(Warm of Koud?)**

Hoe dien ek die Here in Sy kerk met my betrokkenheid? Het ek altyd 'n verskoning as die Heer my roep vir Sy diens as ouderling diaken of wyksuster of om op een of ander komitee te dien? Is my verskoning altyd dat ek nie tyd het nie? Wat is my bydrae? Hoe gee ek?

Die vraag is : Wanneer gaan die Here vir my ook nie meer tyd hê nie want HY is te besig met die wat vir HOM wil werk? **(Warm of Lou)**

Gaan dra ek werklik Sy woord uit na ander deur die Evangelie te verkondig aan almal wat my pad kruis?

Doen ek moeite daarmee? **(Warm of Lou)**

Gebruik ek die verskoning dat ek nie 'n spreker is nie? Moses was ook nie een nie maar **die Here sit verskonings om in werk.**

Dit is nie ons taak om mense te oortuig nie. Ons moet nie die Here se werk vir Hom doen nie. Ons moet die saai werk doen. HY sal die oes insamel op Sy tyd. Ek behoort eintlike net die woord uit te dra omdat ek dankbaar is, hoekom hou ek dit dan vir myself?
**Kom ons vra weer die vraag : Hoe dien ek die Here? Openbaring 15:**

*Met 'n warm hart want as dit lou is gaan Hy my uit spoeg en dan kon ek net so wel koud gewees het.*

*Gideon Van der Merwe*






# Binnestebuite

***HELP SAAM DINK EN BEPLAN***

Ds. Dirk Laufs

Die *Kerk Binnenste Buiten* (1964) is die titel van 'n Nederlandse boek, geskryf deur JC Hoekendijk. In Afrikaans is binnestebuite 'n erkende woord. Dit beteken met die binnekant na buite, byvoorbeeld om 'n baadjie binnestebuite te keer. Die Engelse ekwivalent is *inside out... in such a manner that the inner surface becomes the outer*.

Daar kan ook ander betekenis moontlikhede aan die begrip *inside out* gekoppel word, byvoorbeeld om jou werk deur en deur te ken of om 'n boek van hoek tot kant te lees.

**Wat sou dan met die titel *Die kerk binnestebuite* bedoel word?**
Watter boodskap hou binnestebuite vir die Gereformeerde Kerke in? Die antwoord is eenvoudig. Die Kerk moet binnestebuite gekeer word.

***Kom ek stel dit sterker – die Kerk moet binnestebuite omgedop word. Wat binne is, moet buitentoe.***

Getroue erediensgangers ken die binnekant van kerkgeboue van hoek tot kant. Dit is immers waaraan hulle Sondag na Sondag blootgestel word. Die verskillende dele van die erediens bied troos en inspirasie. Die preek bied pitkos vir die week wat voorlê. Dit herinner aan die woorde van Psalm 84: 8: *Keer op keer ontvang hulle nuwe krag totdat hulle voor God in Sion verskyn.*

Die onderliggende gevaar is dat Christene se openbare geloofslewe te maklik verskraal tot wat in die binnekant van 'n

kerkgebou plaasvind. Hulle word passiewe toehoorders en sus hul gewete met die gedagte dat evangelieverkondiging die uitsluitlike taak van die predikant en ampsdraers is. Verbruikersdruk raak 'n bykomende probleem. In die Engelse wêreld word dit ***church hopping* en *church shopping*** genoem. Eie behoeftebevrediging is die norm, en

die onderliggende vraag handel oor die voordele wat 'n kerk/gemeente vir die individu inhou. Die skrywer Erwin McManus (2001) beskryf in sy boek, *An unstoppable force,* die ingesteldheid van 'n verbruikers-mentaliteit *soos volg: "We're looking for a church that meets our needs." It seems like I've heard this one a thousand times. The phenomenon of church shoppers has profoundly shaped the contemporary church. The entire conversation is not about relevance but convenience. The focus is not in serving the world; the church itself became the focal point.*

***Our motto degenerated from "We are the church, here to serve a lost and broken world"***

***to***


***"What does the church have to offer me?" This move has made the pastor the only minister,****while making the members the only recipients of ministry. What is lost in this process is anarmy of healers touching the planet.*

My droom vroeg in Januarie is dat elke lidmaat 'n onstuitbare werkkrag sal wees. Dat dissipelvorming een van die vernaamste take van predikante sal wees. Dat die binneruim van kerkgeboue steeds die veilige ruimte sal wees waartydens hierdie dissipelvorming gedurende eredienste en toerustingsgeleenthede sal plaasvind. Daarna moet binnestebuite plaasvind en gelowiges as't ware uitgedop word om werkkragte in elke sfeer van hul daaglikse lewe te wees. Ek bid dat 2018 vir die Gereformeerde Kerke 'n jaar van binnestebuite sal wees en dat die krag van die evangelie onstuitbaar in en deur ons sal werk.
**ANONIEM verwerk (Oorspronklike skrywersnaam wel op aanvraag beskikbaar)**

## ***Hoe kan ons Binnestebuite wees?***

Op welke manier(e) kan ons as dankbare gelowiges hierdie komende jaar "uitgedop word om werkkragte in elke sfeer van ons daaglikse lewe te wees?"






Hoeveel toerustingsgeleenthede hiervoor sien u kans om per week by te woon en watter tye pas u die beste hiervoor?



Die Redaksie van die RAMSHORING wag gretig op u reaksie…dankie by voorbaat vir u insette!

# Gemeente en Kerk nuus






# Nuus uit die gemeente

## *Verjaarsdae - 80 jaar en ouer:*

- **Ria Kramer** 82 jaar - **30 Maart**
- **Gys du Plessis** 81 jaar - **10 April**




## Attestate

### Hartlik welkom aan nuwe intrekkers



***Met attes aangesluit***

- Br. Christiaan (noem Chris) de Beer en egg. Sr. Anna Christina (noem Ansie) gebore Venter, vanaf GK Hartbeespoort, wyk Koedoeskop.


***Opgeneem***

- Br. Divan Niemann, wyk Leeubosch/Môredou.

## In Herinnering

***Catharina Maria Susanna Esterhuizen***

***17/06/1949 - 21/11/2017***



My geliefde vrou Carien is na 'n uitmergelende siekbed op 21 November 2017 huistoe na ons Vader in die hemel. Dit was die grootste voorreg om 17 jaar saam met haar die lewenspad te stap. Ek dink almal wat Carien geken het besef dat sy die liefde van die Here in haar hart gehad het. Daar was iets in haar wat so edel was dat ek baie kere besef het hoe bevoorreg ek was om haar man te wees.

Die leemte wat sy agter gelaat het kan nie nou gevul word nie maar eers wanneer Jesus terugkom.

Ek wil almal bedank wat ons bygestaan het, vir ons liefde gegee het en vir ons gebid het.

Louis Esterhuizen



# Spoghoekie



**Marlize Coetzee**

Ons spog in hierdie uitgawe met ons matriekleerling van 2017.

Marlize Coetzee behaal 6 A Simbole in haar Matriekjaar . Sy ontvang ook 'n spesiale toekenning vir Kultuur. Sy ontvang ook die gesogde Luiperd Toekenning van Hoërskool Frikkie Meyer.

Ons is voorwaar trots op jou Marlize.

**<u>Spoggerige Predikant</u>**

**12 Februarie 1947 | Ds. Dirk Laufs op Potchefstroom gebore**

Ds. Dirk Laufs was tussen 1972 en sy emeritaat in 2004 predikant in ses kerke in al vier die destydse provinsies: Bethulie 1972-'75, Die Moot 1975-'76, Voortrekkerhoogte 1976-'77, Olifantshoek 1977-'82, Durban-Wes 1982-'89 en Alberton-Wes 1989-2004.

Ds. Laufs en sy tweelingsuster, Maria, was die enigste kinders van Gert Laufs en sy vrou, Maria Catharina Elizabeth Brits.

Hy het sy skoolloopbaan begin aan die Laerskool De Beer op Welverdiend en is daarna na die Hoërskool Carletonville, waar hy lid was van die eerste spanne in rugby, tennis, atletiek en krieket. Hy was vanaf 1963 leerlingraadslid en die jaar daarna hoofseun.

Aan die PU vir CHO het hy in 1967 sy B.A. verwerf en in 1971 die graad Th.B, waarna ook die Th.M. aan die PUK. Op universiteit het hy in 1966 en 1967 in die studenteraad gedien, terwyl hy in 1968 koshuisprimarius was.

Ds. G.P. Scheepers het hom op 25 Junie 1969 in die Gereformeerde kerk Thabazimbi met Petronella Jacoba (Ronél) Coetzee in die eg verbind.

Ds. Laufs se persoonlike roepingsbewuswording het hom op jeugdige ouderdom reeds laat besluit om vir predikant te leer.



Hy beskryf die deurlopende ervaring van Gods genade as die hoogepunt van sy bediening, ten spyt van die geestelike, emosionele en liggaamlike eise wat die bediening aan hom gestel het.

Vir hom was die groot uitdaging om die kerk steeds "semper reformanda" te bly hou te midde van ongeregverdigde en ongegronde sogenaamde konserwatisme. Hy som sy lewensfilosofie kortliks op as: Soli Deo Gloria.

Sy stokperdjies is leerlooiery en houtwerk, terwyl hy veral belangstel in "enigiets wat entrepreneurend die koninkryk kan en wil uitbou."

Benewens sy Th.M.-verhandeling, Die Teologiese Skool en die Tweede Vryheidsoorlog 1899–1902, het uit sy pen ook verskeie preke en artikels in kerklike en teologiese tydskrifte verskyn.



# DIAKONIE

Die Diakonie het ‘n spesifieke taak in ‘n gemeente naamlik om die liefde van God sigbaar te maak aan alle mense. Dit kan gedoen word met ‘n glimlag, ‘n besoek, ‘n oproep of hulp van welke aard ookal. Die tradisionele opvatting is dat die Diakonie finansiële hulp aan behoewendes gee, maar uit die Skrif en die bevestigings formulier leer ons dat dit maar slegs ‘n gedeelte van die Diakonie se taak is.

Christenskap is die enigste geloof waar mens 'n direkte, liefdevolle en persoonlike vehouding het met jou Skepper, God kan hê. Tog het hy nie een van ons dieselfde geskape nie. Deur die geskiedenis van Christenskap word daar telke male verwys na vrygewigheid en hulp wat verleen word aan die behoeftiges. Dit is ook 'n eienskap van Christene wat deurlopend in die Bybel na verwys word. Vandag moet dit nog steeds 'n eienskap van Christene wees.

‘n Kort opsomming van die Diakonie se finansies vanaf 1 November 2017 tot 31 Januarie 2018

**Liefdesgawes ontvang - R64,731.55**

**Hulp verleen - R54,938.46**

**Vaste uitgawes (deurlopende hulp) – R13,425.84**

**Tjek rekening saldo 31 Januarie 2018 – R21,111.17**

Ten slotte - enige geldelike bydrae tot die Diakonie se fondse gaan ‘n groot verskil maak in baie mense se lewens, en juis die mense wat dit die meeste benodig. Skenkings aan die Diakonie word met oorleg en liefde aangewend om ons gemeente se mense by te staan in tye van nood.

ABSA Thabazimbi (334-346) Tjekrekening 1580 280 001



## KORT VERSLAG OOR DIE VIERDE ALGEMENE SINODE VAN DIE GKSA, 2018

**Gerard Schuring**

Die agenda en aanvullende agenda van die Sinode was lank, maar die voorsitter, Dr Breed, en die ondervoorsitter, Dr de Beer, het die sinode baie goed gelei en betyds afgesluit.

'n Saak wat ons direk raak is dat Ds Neville Boy weer benoem is as Deputaat vir emeriteringsfondse en ook as een van die Kuratore vir die Teologiese skool. Om koste te bespaar is besluit dat die deputate soveel as moontlik werk oor die internet moet afhandel, ingesluit video-konferensies.

Op die Sinode is Ds Boy ook aangewys as voorsitter en as lid van twee kommissies wat hulle werk voorspoedig afgehandel het, onder meer oor die saak van menseregte.

Daar was weer verskeie beswaarskrifte teen die besluit dat vroue nie as ouderling of predikant kan dien nie. Al die beswaarskrifte is die een na die ander met 'n groot meerderheid afgewys. By die laaste een het die voorsitter aan die beswaardes alle tyd gegun om weer hulle saak te stel. Dit beteken dat nie meer gesê kan word dat hulle nie deur die Sinode gehoor is nie. Op 'n volgende sinode sal dan artikel 46 van krag wees. Die artikel sê dat sake wat afgehandel is, nie weer op 'n meerdere vergadering kan dien nie, behalwe as daar nuwe inligting is. Die besluit het ernstige implikasies vir die paar gemeentes wat wel susters as ouderlinge verkies het.

Verder het die Sinode 136 gesange goedgekeur vir opname in 'n lys van goedgekeurde gesange agter in 'n nuwe Psalmboek, ingesluit 20 gesange vir kinders.  Die beryming van Deut 32, "Die lied van Moses," is ook goedgekeur deur die Sinode.

Die voertaal van die sinode het weer ter sprake gekom.  Mense was nie gelukkig om heeldag vir bykans twee weke die gelyktydige vertolking in Engels met oorfone te beluister nie.  Die Sinode het besluit dat alle dokumentasie in Afrikaans en Engels moet wees, dat elkeen in die taal kan praat wat hy verkies en dat daar tolke sal wees om die mondelinge bydraes sin na sin te vertolk sonder oorfone. Hoe dit presies toegepas gaan word, sal die praktyk op die volgende sinode ons leer.

Die krimpende aantal lidmate oefen groot druk uit op die finansies.  Hierdie Sinode het meer as twee miljoen rand gekos, ingesluit die kostes vir die deputate se vergaderings. Koste word waar moontlik besnoei, onder meer deur die tydsduur van die volgende Sinode te verkort en soveel sake as moontlik deur die afgevaardigdes op die internet af te handel.

Die atmosfeer op die Sinode was uitstekend met 'n kwinkslag hier en 'n kwinkslag daar wat die afgevaardigdes lekker laat lag het.  Die mooiste om te hoor was die samesang van die honderde mansstemme wanneer hulle 'n Psalm afwisselend in twee of drie tale gesing het.

Streeksinode Bosveld se afgevaardigdes na die Algemene Sinode was onder meer Ds Neville Boy en ouderling Gerard Schuring.



# Chill tyd



Maak jou potlood skerp 

Jaco Venter

**Waarna toe neem die Burger sy meisie vir Valentynsdag?**

The Meatball

**Hoekom vier muishonde Valentynsdag?**

Want hulle is Scent-imental

**Wat sê die Paperclip vir die Magneet?**

"Ek is so aangetrokke tot jou."

**Wat sê die kunstenaar vir haar Kêrel?**

I Love you with all my art!

**Wat sê die een gloei lamp vir die ander gloeilamp?**

I Love you a whole Watt!

**Wat sê die haas vir sy meisie op Valentynsdag?**

SomeBunny loves you!!

**Wat sê die Vulkaan vir sy vrou?**

I Lava you so much!



**Resepte hoekie**

**Ons het nie 'n dag nodig om ons liefde te wys vir ons mans, kinders, vriende of kollegas nie. Vier die lewe en bak 'n hart koek vir iemand waarvoor jy omgee.**



Depressie raad: Bak 'n koek vir iemand wat die Here op jou hart druk. Die beplanning en liefde wat jy daar gaan insit gaan jou eie las ligter maak.

Lekkergoed Bederf

Wees kreatief met jou liefde! Wys vir jou moedelose tiener dat jy dink hy is die "Bom"! Bemoedig jou vrou met haar nuwe werk deur haar op n kreatiewe manier te herinner dat sy 'n pakkie Dinamiet is!!




Gebruik lekkers in silinder vorm soos Rolos om die perfekte bom voor te stel. Laat hierdie net dien as inspirasie. Wees kreatief en laat jou mense weet hoe GROOOOOOT jou liefde vir hulle is.



# Ditjies en datjies



## GROEN PSALMBOEK

Geagte Broers en Susters,

Deputate Gereformeerde Publikasies het ons Psalmboektoepassing intussen laat opgradeer. Laai gerus gratis af vir almal wat Android en Apple slimfone of tablette het. Die toepassing se naam is: GKSA Psalms. Stel dit asb. weer bekend in die gemeentes. Die toepassing se nuwe soekfunksie is van besondere waarde.

Daar is sommige wat probleme ondervind met die Android weergawe, laat weet my asb. per e-pos watter probleme jy ondervind by ronald.bain@me.com, sodat ek dit kan aanstuur na Bybelmedia.

Daar word fluks gevorder met die herset en samestelling van die teks van die Groen Psalmboek. Dis nou in 'n proses van proeflees en sodra die finale teks beskikbaar is om te druk sal ons voortgaan om ook 'n toepassing vir die Groenboek te ontwikkel. Daar is ongelukkig nie 'n tydsraamwerk beskikbaar nie, maar ons hou goeie moed dat ons dit in die tweede gedeelte van die jaar beskikbaar sal kan maak.

Seënwense,

Ronald Bain



## Advertensie

Adverteer jou besigheid nou in die Ramshoring!

Bereik die hele Thabazimbi, Northam en Dwaalboom lidmate wanneer jy jou besigheid adverteer in die Ramshoring.

Die fondse word gebruik om die Ramshoring se druk kostes te delg.

R200 vir hierdie grootte Advertensie per uitgawe. Bespreek nou vir Volgende uitgawe en betaal net R500 vir plasing in die volgende 3 uitgawes!